**Prediker: Gerhard vd Merwe** **01 Februarie 2026**

Skriflesing: Matteus 5:10-20

## As gelowiges dit nie reg kry nie.

Het jy al raak gelees dat in die bergpreek, daar twee groepe mense is? Daar was die skare wat Jesus gevolg het, Matteus maak omtrent 40 keer melding van die skares. Dis dieselfde skares wat later sou skreeu KRUISIG HOM! En dan was daar die dissipels. EN Matteus praat ongeveer 70 keer van die groep wat hy beskryf as die dissipels. Wie was hierdie dissipels? Op verskillende tye het dit veskillende mense uitgebeeld. Soms word van die dissipels gepraat as die 12. Sommige van ons is so oplettend, dat ons self al 12 se name sal kan opnoem. En dan is daar ander kere wat die groep heelwat groter blyk te wees. Op n keer 72. En Jesus het hulle 2/2 uitgestuur na die dorpe waar Hy nog die goeie nuus wou vertel. In kort is die dissipels die mense wat eens op n keer deel van die skare was, maar nou het iets in hul lewe gebeur. Hulle het by n punt in hul lewe gekom waar hulle Jesus gevolg het oral waar hy gegaan het en hul het gekies om te doen wat Jesus ook al vir hul gese het om te doen. Hulle was net so arm van gees soos die skares, maar iewers het n besluit gekom dat hul vir hulself gese het dat Jesus die antword op die gemors van hierdie lewe is. En wat Hy ook al se, sal ek doen. Sy planne is beter as my planne en Sy idees is die beste opsie. En as ek as gevolg van my keuse om Jesus te volg, enigiets anders mis in die lewe, wel dan was dit die moeite werd. Die beste lewe wat ek vir myself kan uitdink, is om Jesus met oorgawe te volg en te doen soos ek Hom sien doen. En so het hulle Sy volgelinge geword. Elke nou en dan, sou iemand uit die skare daardie besluit neem en dan het hulle oorgekom na die groep dissipels.

En tog kry gelowiges dit nie altyd reg nie. Daar is ook iets soos boosheid. Liefde is om die goeie te wil. Boosheid is om die teenoorgestelde te wil. Jesus leer Sy volgelinge op n stadium in die bergpreek om te bid “Laat U koninkryk kom. En later... Verlos hulle van die Bose.” Vir Jesus is die Bose n realiteit. Maar boosheid is nie iets wat MET ons gebeur nie, dit is iets wat IN ons gebeur. Op n keer se Jesus dat nie alles wat by die mond ingaan is boos nie, maar wel wat dit daar uitkom. Mense met seer maak seer. Sommige mense is oor n lang terwyn so blootgestel aan boosheid en pyn, dat hul aanleer om ook seer te maak. Dis n verdedigingsmeganisme. Maar mense wat nie leer om seer te laat gaan nie, eindig op dat om seer te maak n manier van oorlewing is. Dan word die beskerming van die eie koninkryk so groot n prioriteit dat boosheid n manier van leef word. En daar is die potensiaal in elkeen van ons om boosheid te doen.

Daar is n paar kenmerke in vorme van boosheid wat ons sal help om boosheid in onsself te identifiseer:

1. As jy dink dit is iets wat jy in die geheim moet doen.
2. As dit is om jou eie behoeftes en voordeel te bewerk.
3. As dit ten koste van iemand anders is.

Hoe word boosheid beveg? Heel eerste moet ons se dat boosheid is nie iets wat die regering moet beveg nie. Om boosheid met geweld te onderdruk, kweek net nog vorme van boosheid. Die staat moet paaie bou en skole oprig en water en elektrisiteit voorsien. Om die bose te beveg is die opdrag van gelowiges. Want net liefde kan boosheid beveg. Want boosheid moet heel eerste binne ons hanteer word. As boosheid my aangedoen word, is die antwoord om dit met liefde te antwoord. Anders gaan boosheid n vastrapplek in ons lewe kry en dan word die sirkel van boosheid gevoed. Wanneer n gelowige die boosheid oorgee aan God, dis wanneer die kringloop van boosheid gestop kan word.

Jesus het n baie interressante kyk oor hoe Hy boosheid hanteer. Want verseker was Hy by uitstek blootgestel aan boosheid. “Gelukkig is julle wanneer julle bespot en vervolg word en allerhande leuens oor julle versprei word omdat julle my dissipels is. 12Wees bly, ja, jubel daaroor, want God sal julle ryklik daarvoor beloon. Onthou, so het hulle die profete voor julle ook vervolg.”

Jesus se dat as boosheid vel naby kom, is die oplossing om dit oor te gee aan die Vader wat in die hemel is, en met Hom daaroor te praat. Selfs terwyl boosheid ellke vorm van pyn oor Jesus laat losbars het aan die kruis, het Hy met Sy Vader daaroor gepraat…”Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

Ons het sekere vorme van boosheid verchristelik…

1. Om iemand anders in n swak lig te stel deur leuens, valshede te versprei. Halwe waarhede. “Het jy gehoor…”
2. Sarkasme.
3. Veroordeling.
4. Ghosting. “Speak to the hand… the face is busy.

Die wereld se reels is… jy maak my seer, ek maak jou terug seer en dubbeld soveel. As jy die Romeinse Ryk bedreig het, was hul oplossing om jou dood te maak. Wat gebeur om Golgota, bly by Golgota.

Maar nie hierdie keer nie. Die Boosheid was beantwoord met liefde. Dood beantwoord met nuwe lewe. Skuld beantwoord met vergifnis. Skaamte beantwoord met vryspraak en genade.

En hierin le die resep vir die vervulling van God se wet. Nie deur die wet te vorvoer met n plan om iemand by te kom nie, maar om met God se liefde en met oop hande na n ander uit te reik. Nie met mure van selfbeskerming nie, maar met die broosheid was liefde n onweerstaanbare krag maak.

So kan gelowiges dit wel reg kry.

Hoofpunte van die preek:

Daar was twee groepe mense wat na Jesus geluister het. Die skares en die dissipels.

Dissipels is mense wat n keuse gemaak het dat Jesus se manier van doen die beste manier is en hul sal Hom volg in Sy leefstyl.

Boosheid weerhou ons daarvan om Jesus te volg.

Sien die maniere hoe boosheid jou probeer weerhou daarvan om Jesus te volg.

1. As iets in die geheim gedoen word.
2. As jou eie behoeftes en voorkeure belangriker word as Jesus se belange.
3. As ons iets ten koste van iemand anders doen.

Hoe het Jesus op boosheid reageer?

Vrae om te oordink:

1. Wat is die verskil tussen iemand wat na Jesus se woorde luister en iemand wat n dissipel is?

2. Hoe sien jy boosheid in jouself raak?

3. Hoe wil jy kies om te leef as boosheid jou raak?

Vader, Ek sien vandag hoe vlak die boosheid soms IN my regeer. Wys my elke keer daarop as ek met boosheid beplan en optree. Vergewe my wanneer ek boosheid ekstra vlerke gee en leer my om soos U boosheid dood te smoor met liefde. Amen.